

2

DIE NAGMAALTAFEL BRING HOOP

Die Nagmaal

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat die Nagmaal 'n simbool van hoop is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- die Nagmaal is 'n herinnering aan Jesus se lyding en dood; en
- die Nagmaal laat ons hoop dat Jesus weer kom.

Gesindheid:

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat Jesus Christus dit vir ons moontlik maak om te hoop; en
- vertrou dat Jesus se belofte oor sy wederkoms waar is.

Vaardigheid:

Die kinders moet –

- die betekenis van die Nagmaal aan hulle ouers gaan verduidelik; en
- met die volgende Nagmaalviering onder toesig van hulle kategeet die diakens in die konsistorie gaan help met die voorbereiding van die brood en wyn.

MEER INLIGTING (1 Korintiërs 11: 23-26)

Lees 1 Korintiërs 11: 23-26 aandagtig deur en let veral op die betekenis van vers 26: *Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.*

Die Nagmaal is een van die twee sakramente van ons Kerk. 'n Sakrament is 'n heilige, sigbare waarteken en seël van die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis: Die Here het sy lewe gegee sodat ons vir ewig kan lewe. Die hoop wat in ons brand en leef, is om by Hom te wees. By Hom waar alle moeilikheid en swaarkry op 'n end is.

Jesus het self die twee sakramente, die Doop en die Nagmaal, ingestel. Met die sakrament van die Nagmaal word ons geloof in God sterker gemaak. Wat gebeur prakties by die Nagmaal? Ons word uitgenooi om by die tafel te kom aansit. Daar word brood en wyn uitgedeel. Die brood is 'n simbool van Jesus se liggaam wat aan die kruis gebreek is sodat ons sondes vergewe kon word. Die wyn is 'n teken van die bloed wat uit sy wonde gevloei het. Hierdie bloed was ons skoon van alle sonde. In die tekens van die wyn en die brood sien ons dat God Homself gegee het. Die brood wat ek eet en die slukkie wyn wat ek drink, word deel van my liggaam en word opgeneem in my bloedstroom. Die betekenis daarvan is dat net soos die brood en die wyn deel word van my liggaam, van my lewe, van my menswees, net so moet God deel wees van my bestaan as ek in Hom glo. As ek die liggaam en die bloed van die Here eet en drink, moet Jesus só deel van my alledaagse lewe word soos my eet en drink by elke maaltyd.

In die Nagmaal lê nie net die hoop opgesluit dat ons sonde weggeneem is nie. Nee, dit is 'n sigbare bewys van *net so seker as wat jy van hierdie brood en wyn eet en drink, net so seker het Jesus jou van jou sonde verlos en jou die hoop op die ewige lewe gegee*. In die Nagmaal sien ons die tekens van God se almagtige uitreiking na ons toe. Wanneer ons die wyn drink, herinner dit ons ook dat Jesus gesê het dat Hy nie weer sal wyn drink nie voordat ons met Hom saam is in die nuwe hemel en op die nuwe aarde. In hierdie woorde van Jesus lê die hoop opgesluit dat daar 'n dag kom wanneer ons weer saam met Hom wyn sal drink in die ewige lewe.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Die Nagmaalbeker en -bord.

KOM ONS BEGIN

Open deur die woorde van Gesang 286 as gebed te lees.

*Here God van liefde,
waar ons ook mag gaan,
wil ons in u skadu by U staan.
Hoor ons dankgebede,
hoor ons loflied styg
as ons aan U ons dank betuig.
Here, u genade het ons hier behou,
in u hand van liefde vasgehou.
Moet nooit van ons wyk nie,
skenk aan ons u seën –
Here laat ons nooit alleen.
Heer Jesus, laat ons nooit alleen,
ons wil vir ewig op u almag steun;
want elke knie sal buig
en elke hart sal juig,
Here Jesus, neem ons bede aan. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

- Gee vir die kinders geleentheid om te vertel van vriende of ander mense wat hulle ken wie se geloof in die Here uitstaan en waarom dit so is. Hulle kan kyk wat hulle by Les 1 neergeskryf het.
- Laat 'n paar kinders die woorde van Hebreërs 11: 1 opsê: *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*
- Laat een of twee verduidelik wat hoop is: *Hoop is dinge wat nog nie gebeur het nie, maar omdat God getrou is, is dit so goed of dit het reeds gebeur. Jy is seker in jou hart dat God jou nie sal teleurstel nie.*
- Laat 'n paar kinders enkele van die sake voorlees waaroor hulle al in die verlede bekommerd was en waarvoor hulle gebid het – dinge waarvoor hulle God vertrou het. Laat hulle vertel hoe God hulle gebede verhoor het.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Lees 1 Korintiërs 11: 23-26. Sien raak hoe daar 'n opdrag is dat die Nagmaal gereeld gebruik moet word, en let veral op die betekenis van vers 26: *Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.*

IETS INTERESSANT

Maak 'n opsomming van MEER INLIGTING en dra dit aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende feite:

- 1 Korintiërs 11: 26: *Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.*
- Die Nagmaal is 'n sakrament. Dit is 'n heilige, sigbare waarteken en seël van die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis: Die Here het sy lewe gegee sodat ons vir ewig kan lewe.
- Die hoop wat in ons brand en leef, is om by die Here te wees, by Hom waar alle moeilikheid en swaarkry op 'n end is.
- Jesus het self die twee sakramente, die Doop en die Nagmaal, ingestel.
- By die Nagmaal word brood en wyn uitgedeel. Die brood is 'n simbool van Jesus se liggaam wat aan die kruis gebreek is sodat ons sondes vergewe kon word. Die wyn is 'n teken van die bloed wat uit sy wonde gevloei het. Hierdie bloed was ons skoon van alle sonde.
- As ek die brood, Jesus se liggaam, en wyn, Jesus se bloed, eet en drink, moet Jesus só deel van my alledaagse lewe word soos my eet en drink by elke maaltyd.
- In die Nagmaal lê die hoop opgesluit dat ons sonde weggeneem is, maar ook dat ons vir ewig by die Here gaan wees.

IETS OM TE DOEN

Laat die klas oor die volgende gesels en, waar nodig, in hulle boeke invul:

- Laat die kinders vertel hoe hulle nog altyd die Nagmaal verstaan het.

- Voer 'n kort debat oor of dit nodig is om eers jou geloof te bely voordat jy Nagmaal mag gebruik, met ander woorde, hoe voel die klas oor die Kindernagmaal? (*Aangesien die Kerk nog nie hieroor 'n finale nuwe besluit geneem het nie, kan elkeen sy eie opinie hê.*)
- Laat hulle vertel hoe hulle dit verstaan dat die Nagmaal ons hoop gee. (*Omdat die Nagmaal ons herinner dat ons van die sonde en dood verlos is, gee dit dié hoop dat ons vir ewig by die Here gaan wees.*)
- Lees die Heidelbergse Kategismus Sondag 28, vrae en antwoorde 75 en 76 aandagtig aan hulle voor. Verduidelik dat die Heidelbergse Kategismus 'n belydenisgeskrif van die Kerk is waarin die belangrikste dinge wat ons glo, verduidelik word. Wys hulle daarop dat hulle aandagtig moet luister, want hulle moet in hulle eie woorde weergee wat hulle gehoor het.

SONDAG 28

Vraag 75: Hoe word jy in die heilige Nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy aan die enige offerande van Christus aan die kruis en aan al sy weldade deel het?

Antwoord: Christus het my en alle gelowiges beveel om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie beker te drink. Daarby het Hy beloof, eerstens dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek, en sy bloed vir my gestort is, as wat ek met my oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die beker aan my gegee word.

Tweedens, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed net so seker vir die ewige lewe voed en verkwik as wat ek die brood en die beker van die Here, as ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed, uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet.

Vraag 76: Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?

Antwoord: Dit beteken nie slegs om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie. Dit beteken boonop om deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word, dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is, al is Christus nou in die hemel en ons op die aarde. Dit wil sê dat ons deur een Gees – soos die ledemate van die liggaam deur een siel – ewig lewe en geregeer word.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat hulle met hulle ouers oor die volgende gesels:

- Vra vir hulle hoe hulle die Nagmaal verstaan, en of hulle dink dat dit belangrik is om Nagmaal te gebruik.
- Vra vir hulle waarom hulle dink word Nagmaaldienste soms swak bygewoon. Julle kan so dalk help dat probleme uitgesorteer word.
- Hoe dink hulle oor Kindernagmaal?

LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

- 1 Korintiërs 11: 26: *Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.*
- 'n Sakrament is 'n heilige, sigbare waarteken en seël van die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis: Die Here het sy lewe gegee sodat ons vir ewig kan lewe.
- Die hoop wat in ons brand en leef, is om by die Here te wees, by Hom waar alle moeilikheid en swaarkry op 'n end is.
- Jesus het self die twee sakramente, die Doop en die Nagmaal, ingestel.
- By die Nagmaal is die brood 'n simbool van Jesus se liggaam wat aan die kruis gebreek is, en die wyn is 'n teken van die bloed wat uit sy wonde gevloei het. Hierdie bloed was ons skoon van alle sonde.

Laat hulle hulle ouers en grootouers nooi om volgende week saam met hulle die les te kom bywoon. Vra solank vir hulle om die volgende gereed te kry en volgende week saam te bring:

- Hulle doopsertifikate of lidmaatboekies.
- 'n Geskenk of Bybel of enige ander aandenking wat hulle ontvang het tydens hulle doop.
- Daar kan vooraf met een van die ouers of grootouers gereël word om met 'n kort gebed te open.

AFSLUITING

Sluit af met die woorde van Gesang 299 as gebed.

*Laat ons, Heer, u dood verkondig
deur gebruik van wyn en brood.
Al het ons teen U gesondig,
wil ons tog u dood verkondig.
U gee lewe deur u dood;
U gee ons die lewensbrood.
Sterk U self nou ons verlange
om te lewe tot u eer.
Neem nou aan ons vreugdesange –
U te loof, is ons verlange.
Laat ons lewe tot u eer;
vrugte dra vir U, o Heer. Amen.*

Teken aan wanneer die volgende Nagmaal is, en reël met die diakens dat jy jou klas konsistorie toe sal bring.